

12 September

Skrifgedeelte: 1 Timoteus 6:11-21 (NAV)

Fokusgedeelte: 1 Timoteus: 6:18-19

Soek eerder die blywende rykdom

Daar is 'n rykdom wat so maklik vergaan. Maar ook 'n rykdom wat nie vernietig kan word nie. Die stryd om materiële oorlewing as gevolg van stygende pryse, maar ook vanweë die wêreldse waardes vir luuksheid en gemak, versoek ons om die eerste rykdom na te jaag. Nie dat rykwees sonde is nie. Die gevaar is egter dat ons hoop op materiële sekerheid gevestig raak. Ons vergeet so maklik dat God alles gee wat ons besit. Geniet dit met dankbaarheid, maar hoop op God!

Die Heilige Gees leer ons deur die pen van Paulus dat ons onself moet dissiplineer om eerder die blywende rykdom te soek. Die skynbare teenstrydigheid in die vergader van hierdie skat is dat hoe meer jy uitdeel hoe sekerder is jou hoop om te ontvang. God seën ons in sy liefde met 'n nuwe lewe. Volhard dan met die krag daaruit in goeie dade, tot opbou van ander en tot eer van God. Wanneer jy genoeg het, moenie nog meer versamel nie, maar wees vrygewig en mededeelsaam. Hoe meer jy uitdeel, hoe meer seën sal jy ervaar. Vreugde om te gee, oortref die blydskap van ontvang.

Is dit nie opvallend dat mense wat min het juis so maklik deel nie! Soveel te meer behoort God se kinders, wat oorfloed liefde en sorg ontvang, hulle hoop op Hom te stel. Hy beloof die volheid van die ewige heerlikheid. Jou gesindheid om met liefde mededeelsaam te wees, bevestig jou hoop op God se ewige sorg.

Sing: Psalm 119:25 (1936-beryming)

Dr WC Opperman (Windhoek-Suid)